1. ALGEMEEN

Tensy skriftelik anders ooreengekom, is alle goedere aangekoop ingevolge 'n bestelling onderhewig aan terme en voorwaardes hierin van CONSUMER 'N AFDELING VAN TIGER CONSUMER BRANDS (hierna genoem die Koper) uiteengesit. Dit word geag dat die Verkoper die genoemde terme en voorwaardes aanvaar het, welke terme en voorwaardes enige bepaling tot die teendeel sal oorheers. Tensy skriftelik anders ooreengekom sal geen voorwaardes deur die Verkoper in 'n faktuur, afleweringsnota of ander dokument gestel bindend wees op die Koper nie.

2. BESTELLING

2.1 Bestellings kan of in skrif, of elektronies, geplaas word. 'n Skriftelike bestelling sal slegs bindend wees op die Koper as dit op die Koper se amptelike bestel vorm is en onderteken is deur 'n tenvolle gemagtigde persoon.

2.2 Die Verkoper moet homself vergewis van die besonderhede op 'n bestel vorm en die Koper sal geregtig wees om enige goedere wat nie aan die genoemde besonderhede voldoen nie te verwerp. Indien die Verkoper nie uit die genoemde bestelling die presiese aard en wese van die bestelling kan aflei nie, met spesifieke verwysing na die tipe, hoeveelheid, kwaliteit en prys van die goedere, moet hy binne 7 dae na ontvangs van die bestelling skriftelik om nadere besonderhede vra.

2.3 Klaar vervaardigde ingemaakte vrugte en groente is onderhewig aan neergelegde kwaliteitsaanvaarding-inspeksies deur die Koper.

2.4 Indien dienste gelewer sal word in terme van 'n bestelling, sal die kontrakteur onderhewig wees aan die Koper se `Safety Regulations for Contractors' (welke regulasies op aanvraag beskikbaar is) en sal die voorwaardes van 'n bestelling mutatis mutandis van toepassing wees.

3. UITVOERING VAN OOREENKOMS

3.1 Oorgang van eiendomsreg

Eiendomsreg van die goedere sal na die Koper oorgaan by aflewering op sy persele of enige ander perseel wat die Koper skriftelik mag aanwys. Sodanige aflewering word nie deur die Koper aanvaar nie, tensy die kwaliteit of standaard van die goedere vir die Koper aanvaarbaar is. 'n Aflewerings vorm wat nie deur 'n behoorlike gemagtigde amptenaar van die Koper onderteken is nie, sal nie bindend op die Koper wees nie. In die geval van 'n dispuut ten aansien van die vraag of die ondertekenaar van die bestelling behoorlik gemagtig was, rus die bewyslas op die Verkoper om te bewys dat die ondertekenaar behoorlik gemagtig was.

3.2 Tydperk van aflewering

Tensy skriftelik anders ooreengekom of tensy anders aangedui in die bestel vorm, sal die Verkoper verplig wees om die goedere binne 30 dae vanaf die datum van bestel vorm af te lewer op die plek soos ooreengekom. Versuim om die goedere betyds af te lewer kan daartoe lei dat die Koper bestelling summier kanselleer.

3.3 Gebreke in goedere

Die Koper sal sonder benadeling van enige ander regsmiddel tot sy beskikking en nieteenstaande enige ander bepaling tot die teendeel gergtig wees om binne 'n redelike tyd na ontvangs van die goedere dit te verwerp indien dit volgens die mening van die Koper in enige opsig foutief of gebrekkig blyk te wees of in enige opsig verskil van die besonderhede op 'n bestel vorm. Die Koper sal in sy uitsluitlike diskresie kan eis dat die goedere herstel of vervang word of dat die Verkoper die goedere terugneem en alle gelde reeds ten opsigte daarvan betaal, terugbetaal.

4. PRYSE

4.1 Geen aanpassings sal aan die pryse in 'n bestel vorm gemaak word nie.

4.2 'n Prys-eskalasie klousule sal slegs geldig wees indien dit in die bestel vorm deur die Koper bevestig word.

4.3 'n Geldige faktuur vir hierdie aankope moet die Koper binne 'n redelike tyd van versending van goedere bereik om vereffening volgens ooreenkoms te verseker.

4.4 Tensy andersins gemeld op die bestelling, sal pryse aflewering insluit na die adres soos op die bestelling aangedui.

5. KOSTE

Die Verkoper sal op aanvraag alle uitgawes werklik deur die Koper aangegaan as gevolg van 'n Verkoper se nie-nakoming van enige van die bepalings van 'n bestelling betaal, insluitend maar nie beperk nie tot opsporingskoste, alle regskoste soos bereken op die prokureur en eie klient skaal op die wydste basis, invorderings kommissie, waardasie koste, aftakelingskoste, verwyderings- en stoor koste en enige ander uitgawes wat die Koper ook al mag aangaan.

1. GENERAL

Unless otherwise agreed to in writing, all goods purchased in terms of an order, shall be subject to the terms and conditions of CONSUMER, A DIVISION OF TIGER CONSUMER BRANDS (HEREINAFTER CALLED THE Purchaser) as set out herein. The Seller shall be deemed to have accepted the said terms and conditions, which terms and conditions, shall override any provision to the contrary. Unless otherwise agreed to in writing, no conditions of the Seller provided for in any invoice, delivery note or other document shall be binding on the Purchaser.

2. ORDERS

2.1 Orders may be placed either in writing or electronically. If in writing, such order shall only be binding on the Purchaser if it is on the Purchaser's official Order Form and has been signed by a fully authorized person.

2.2 The Seller must fully acquaint himself with the provisions on an order form and the Purchaser shall be entitled to reject any goods which do not comply with the stated provisions. If the Seller is unable to determine the precise nature and extent of the order from the stated order form, with specific reference to the type, quantity, quality and price of goods, it must within 7 days of receipt of the order, request further particulars in writing.

2.3 Canned fruit and vegetables as finished products are subject to laid down quality acceptance inspections by the Purchaser.

2.4 In the event of services being rendered in terms of an order the Contractor shall be bound by the Purchaser's 'Safety Regulations for Contractors' (which is available on request) and the conditions of the order shall apply mutatis mutandis.

3. EXECUTION OF AGREEMENT

3.1 Transfer of Ownership

Ownership in the goods shall pass to the Purchaser upon delivery at its premises or any other premises, which it may stipulate in writing. Such a delivery shall not be accepted by the Purchaser unless the quality or standard of the goods is acceptable to the Purchaser. A delivery note, which is not signed by a duly authorised official of the Purchaser, shall not be binding on the Purchaser. In the event of a dispute about the authority of the signatory of this order, the onus of proof rests with the Seller to prove that the signatory was duly authorised.

3.2 Period of delivery

Unless otherwise agreed to in writing, or unless otherwise indicated on the order form, the Seller shall be obliged to deliver the goods within 30 days of the date of the order form at the place as agreed. Failure to deliver the goods timeously may lead to summary cancellation of the order by the Purchaser.

3.3 Defects in Goods

The Purchaser shall, without any prejudice to any legal remedy at its disposal and notwithstanding any other provision to the contrary, be entitled within a reasonable period after receipt of the goods, to reject them, if in the opinion of the Purchaser they appear to be faulty or defective in any respect or if they differ in any respect from the particulars on the order form. The Purchaser in its sole discretion may demand that the goods be repaired or replaced or that the Seller take back the goods and repay all monies already paid in respect thereof.

4. PRICES

4.1 No adjustment shall be made to the prices in the order form.

4.2 A price escalation clause shall only be valid if the Purchaser confirms it in the order form.

4.3 A valid invoice for these purchases must reach the Purchaser within a reasonable time to ensure settlement in terms of the agreement.

4.4 Unless otherwise stated in the order, prices shall include delivery to the address as indicated on the order.

5. COSTS

The Seller shall on demand pay all expenses actually incurred by the Purchaser as a result of the Seller's non-compliance with any of the provisions of an order, including but not necessarily limited to tracing costs, all legal costs calculated on the scale as between attorney and own client on the widest basis, collection commission, cost of valuation, dismantling, removal and storage of the goods and all other expenses incurred by the Purchaser.